

Pretoriana

TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION:
OLD PRETORIA SOCIETY

HERDENKINGSUITGAWE RUNDERPEST 1896

Prys R8,00 Price

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
 TYDSKRIFTE
 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
 1997-01-30
 VAKKODE Z19968
 PRETORIANA 1996/109



K 23

PRETORIANA, Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap
Oud-Pretoria, Nr. 109
PRETORIANA, Journal of the Pretoria Historical Association: Old Pretoria
Society, No. 109

Bestuurslede/Committee members:

Mnr/MMr. H.P. Laubscher, Voorsitter/Chairman, tel. (012) 43766

Mnr/Mr W.J. Punt, Ondervoorsitter/Vice-Chairman, Komitee
van Waaksaamheid/Committee of Vigilance

Raadslid/Council Member P.J. Olivier, en/and

Raadslid/Council Member K.O. Swanepoel,
verteenwoordigers van die Stadsraad van Pretoria/
representatives of the City Council of Pretoria

Mnr/Mr W. du Plessis, Sekretaris/Secretary, tel (012) 322--1725

Mnr/Mr F. Mohr, Penningmeester/Treasurer

Mnr/Mr T.E. Andrews, Redakteur van "Nuusbrief"/Editor of "Newsletter" en
begraafplase/and cemeteries

Mev/Mrs M. Andrews, organisasie van toere/organization of tours

Mev/Mrs M. Bees, aflewering aan poskantoor/delivery to post office

Dr C. de Jong, Redakteur van "Pretoriana"/Editor of "Pretoriana",
tel. (012) 348-3111

Mev/Mrs I. Vermaak, Argief/Archive

Mej/Miss E. Viljoen, organisasie van byeenkomste/organization of functions
, forte/forts

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001

The post office box number of the secretariat is 4063, Pretoria 0001

Die inhoudsopgawe van die onderhawige nommer van "Pretoriana" staan op die
agtersy van die omslag.

The table of contents of the present issue of "Pretoriana" is on the reverse side
of the cover.

Op die omslag/On the cover:

Drawing by Hannes Meiring of the Paul Kruger church in Church Street West,
printed in Hannes Meiring, "Pretoriana 125", Human & Rousseau, Cape Town
1980, p.54. On p.58-62 of this issue No. 109 there is an article of Mr. J.A.
Pretorius on the founding of the Reformed congregation, on p.63 a note of
Hannes Meiring on the Paul Kruger church, started in 1896.

Tekening deur Hannes Meiring van die Paul Krugerkerk in Kerkstraat-Wes,
gedruk in Hannes Meiring, "Pretoriana 125", Human & Rousseau, Kaapstad
1980, p.54. Op p.58-62 van hierdie uitgawe Nr. 109 staan 'n artikel van mnr.
J.A. Pretorius oor die stigting van die Gereformeerde gemeente, op p.63 'n
aantekening van Hannes Meiring oor die Paul Krugerkerk, begin in 1896.

HERDENKING VAN DIE RUNDERPES IN 1896

deur C de Jong

The prayer of the cattle smitten with rinderpest¹⁾

Ours is the meekness that endures,
Our patience, like a steadfast tree,
Stands in the torrent-rain that pours
And sweeps all else to some dark sea.
The patient bovine race unblest
Is earth's sad, dumb, pathetic guest.

W.C. Scully

Die jaar 1896 was vir Suider-Afrika 'n rampjaar. Politieke rampe was die mislukte Jameson-inval in Transvaal en die Matabele-opstand in die toenmalige Rhodesië. 'n Finansiële ramp was die ineenstorting van die handel op die Johannesburgse effektebeurs, waar die koerse van goudmynaandele diep gedaal het. 'n Ongevalsrampe was die geweldige dinamietontploffing op die stasie Braamfontein te Johannesburg in Februarie 1896, waar 'n trein vol dinamiet in die lug gevlieg het. Natuurrampe was die droogte, die sprinkane, die perdesiekte (Horse Sickness, droes, Pferdesterbe) en die runderpes (Cattle Plague, Rinderpest).²⁾ Die laasgenoemde was een van die ergste. Dit het die grootste deel van die beeste en die herkouerwild in Suider-Afrika doodgemaak. Die ekonomiese en sosiale gevolge was katastrofaal en vërreikend. Reeds destyds en lank daarna is die gevolge oorskadu deur die staatkundige krisis van die Jameson-inval en die naderende Anglo-Boere-oorlog. En tans word die herdenking van die runderpes weer oorskadu deur die gespanne staatkundige en sosiale toestande in Suid-Afrika. Dit mag egter die herdenking van die runderpes nie verhinder nie.

Daar is geen twyfel nie dat ook voorheen die runderpes onder beeste gewoed en die ekonomie ontwrig het. Ons weet van die siekte in Nederland in die 18de eeu en in Groot-Brittanje en Rusland in die 19de. Die siekte het net soos ander epidemieë by mens en dier sy oorsprong in Asië, 'n onmeetlik groot wêrelddeel met tallose mense en diere.

Voorspel van die Suid-Afrikaanse runderpes

Die runderpes op Java, hoofeiland in Nederlands Oos-Indië (nou Indonesië) in 1879-1883 is te beskou as 'n voorspel. Die siekte en voorgaande uitbarstings het sy oorsprong in Voor-Indië en/of Maleisië, lande waarmee lewendige handel gedryf is. Daar was toe nog geen bekwame bakterioloë soos Louis Pasteur en Robert Koch wat die siekteverwekkers kon vasstel nie en nog geen entstowwe teen hierdie "epizooty" nie - doeltreffende entstowwe of serums is eers veel later saamgestel. Die siekte het veral op Wes-Java die meeste beeste afgemaai. Daaronder was die trekbuffels, onmisbaar om die rys- en mielieveld te ploeg. Hongersnood het die inheemse bevolking bedreig. Die eerste teenmaatreëls was die doodmaak van besmette beeste, ook al was hulle oënskynlik nog gesond. Die bevolking het opstandig daarteen geword en hul beeste weggesteek. Die tweede maatreël was 'n totale verbod van vervoer, in- en uitvoer van beeste. Smokkelhandel in diere het egter voortgegaan. Die derde maatreël, in 1880 afgekondig, was die oprigting van twee ewewydige bamboesheinings (paggers) met daartussen 'n veelose strook dwars oor Java wat Wes-Java van Middel- en Oos-Java moes isoleer. Die heinings is deur militêre streng bewaak. Ook hierdie drastiese ingreep het nie gebaat nie, want riviere en ravyne was gapings in die heinings en moeilik om te bewaak. Die siekte het in 1883 uitgewoed en na 1899 verdwyn. Die aantal beeste het met 227 000 afgeneem (geen totaalsyfer is my genoem nie), waarvan 40 000 doodgemaak is. Die regering het ruim f.14 miljoen uitgegee, waarvan f.250 000 aan skadevergoeding vir die bevolking wat nie kon oes nie en kos moes koop om te oorlewe.⁴⁾

Die siekte verskyn in Afrika

Die runderpes - in Suid-Afrika by voorkeur met die Duitse benaming Rinderpest aangedui - is 'n besmetlike siekte en 'n epidemie onder die herkouters, dit is die beeste en wildsoorte soos bokke, buffels en wildebeeste. Dit word veroorsaak deur 'n virus, vroeër ook mikrobe, bakterie, kiem, protosoön en trypanosoom genoem. Die virus veroorsaak hoë koors en buikloop en na enkele dae of selfs ure 'n pynlike dood. Die siekte word deur lewende asook dooie beeste oorgedra en is uiters besmetlik. Volgens bewering het Italianers besmette beeste in 1889 uit Arabië ingevoer.⁵⁾ Ook toe was Asië die siekteherd. Die epidemie het hom blitsvinnig van noord na suid oor Afrika versprei, in 1890 in

Uganda en Massailand, midde 1892 Njassaland (Malawi), 3 Maart 1896 Bulawayo in Rhodesië, begin April 1896 Mafeking, 500 myl suid van Bulawayo en Noord-Transvaal, in Oktober 1896 Kimberley. Natal is die laaste gebied wat aangetas is: begin 1897. Betsjoeanaland (nou Botswana), Mosambiek en Suidwes-Afrika (nou Namibië) is net so min gespaar as Kaapland en die Boererepublieke.

Suider-Afrika het volgelê met kreunend sterwende en dooie beeste en hoefwild en met doodgeskiete diere. Die karkasse het grotesk opgeswel. Hulle het afskuwelik gestink en was 'n bron van besmetting. Daar was te baie om almal te begrawe of te verbrand. Begrawe diere is meermale opgegraaf deur mense of roofdiere en hulle en aasvoëls het die besmetting oorgedra. Die epidemie het hom hoofsaaklik langs die paaie versprei waaroor ossewaens en kuddes verplaas is.

Die gevolg van die pestilensie was verskriklik. Melkkoeie was die grootste bron van melk en die pryse van melk en suiwel het gestyg. Bees- en wildsvleis het duur geword. Die trekkrag vir transportwaens, ploë en ander landbouwerktuie is merendeels deur trekosse gelewer. Duisende trekosse het op die pad gevrek en die drywers moes waensvol kosbare goedere agterlaat as buit vir diewe wat by gebrek aan trekdiere min kon wegdra. Die vervoer en werk op die akkers het grotendeels tot stilstand gekom. Die goedereproduksie, in- en uitvoer het gestagneer. Talle boere, transportryers en swart volke is volledig geruïneer. Die Nederlandse segswyse uit die rampjaar 1672 was ook van toepassing op Suider-Afrika: Die regering was radeloos, die volk redeloos (deprived of reason), die land reddeloos.

Maatreëls van owerhede en private persone

- (1) **Isolasie** - Die eerste maatreëls teen runderpes wat deur regerings afgekondig is, was die verbod van invoer van beeste en beesprodukte, tensy 'n veearts 'n sertifikaat van onbesmetheid afgegee het. Die afdwing van hierdie verbod het so baie polisiebeamptes vereis en die landsgrense was so moeilik om in die dunbevolkte streke volledig te bewaak, dat die verbode die uitbreiding van die siekte nie gestuit het nie.
- (2) **Heinings** - Daarom het die regerings spoedig 'n tweede maatreël toegepas, wat ook in ander lande soos Oos-Indië geneem is. Dit was die

instelling van 'n "ordon sanitaire". Langs die landsgrense is oor groot afstande dubbele heinings van doringtakke of ingevoerde doringdraad opgerig om beeste en hoefwild buite te hou. Ook die heinings is bewaak. Die regerings van deelstate in Suider-Afrika het enorm veel geld uitgegee om die heinings op te rig en te bewaak, maar die maatreël het die runderpes enkele maande teengehou en die siekte het daarna verder opgeruk. Vee-eienaars wat hul kuddes teen die siekte wou beveilig, en grootwild het deur die heinings gebreek. In sommige streke het die swart bevolking in die heinings 'n vyandelike maatreël gesien en gepoog om die oprigting daarvan te verhinder of dit afgebreek.

- 8) Doodmaak van beeste - Hierdie regeringsmaatreël was nog ingrypender en het nog meer verset van blanke en gekleurde vee-eienaars gewek. Dit was die doodmaak - meestal doodskiet - van besmette beeste, naamlik siek diere, maar ook oënskynlik nog gesonde diere. Die eienaars het daarvoor 'n beskeie skadevergoeding ontvang, ook weer ten koste van die skatkis en die belastingbetalers. Die maatreël is op groot skaal toegepas en tienduisende beeste is in Suid-Afrika doodgemaak. Daar is foto's waarop die veld vol doodgemaakte beeste lê en dit is nie altyd duidelik of die diere aan die siekte gesterf het of wel doodgeskiet is nie; hulle maak almal 'n naargeestige indruk.

Ook hierdie maatreëls het die opmars van die runderpes nie gestuit nie. Soos hierbo geskryf, daar was te veel dooie diere om hulle almal te begrawe of te verbrand. Talle het in die veld bly lê en 'n bron van besmetting geword deur roofdiere en mense wat van die vleis van dooie beeste geëet het. Bowendien het die doodskiet van oënskynlik gesonde beeste verset ondervind. Die redes hiervoor, veral by die gekleurdes, was dat hulle onvoldoende vanweë die owerhede ingelig is, dat hulle die skadevergoeding vir hul vee, waardevolste besit, te min gevind het, en dat daar 'n algemene geloof onder gekleurdes was dat die blankes opsetlik die siekte versprei het om die gekleurdes hul vee af te neem en hulle te noodsaak om loondiens by blankes te verrig. Dat ook blankes swaar deur die epidemie getref is, het die gekleurdes nie aangespreek nie. Die gemis van beeste vir vervoer en grondbewerking het die gekleurdes met hongersnood bedreig. Dit is verstaanbaar dat hulle die beamptes wat hul

vee moes doodskiet, ernstig bedreig het en hul beeste weggedryf het - by voorkeur na nog onbesmette streke -om die doodmaak te voorkom.

- (4) **Boererate** - Talle blanke en gekleurde boere het vanouds hul huisdiere self gedokter met boererate as geneeswyses toegepas. Hulle het meestal min of geen vertrouwe in veeartse en hul medisyne gehad. Ook teen die runderpes het hulle boererate gebruik en dikwels die vreemdste brourels aan hul beeste toegedien. Selfs regerings het ten einde raad geneeswyses bekend gemaak wat niks anders as boererate was nie. Byvoorbeeld President Kruger het amptelik aanbeveling gedoen van dosisse podopyllin (uittreksel van ranunculuswortels), gevolg deur 'n uittreksel van tabak (vir talle boere 'n wondermiddel) en petroleum.⁶⁾ Ook na algemene erkenning van die verdienstes van veeartse en hul serums het boererate altyd gewild gebly.
- (5) **Gebedsdienste** - Op voorstel van kerkgenootskappe het regerings bepaalde dae tot gebedsdienste opgeroep waarop burgers hulle verootmoedig het voor God en gebid het om die runderpes af te wend, soos ten tyde van knellende droogte dikwels gebedsdienste gehou is om daarin om reën te bid. In Transvaal is in 1896 en 1897 verskeie gebedsdienste gehou waarin talle burgers byeengekom het. Bededienste op dae van verootmoediging is onder meer gehou in Transvaal op 16 Oktober 1896 en 3 Oktober 1897 aan in die Kaapkolonie op 15 Oktober 1897.
- (6) **Immunisering** - Enkele jare tevore het Louis Pasteur (1822-95) die bakterië/mikrobes ontdek en begin met serums, vaccines of entstowwe teen siektes deur mikrobes veroorsaak, te vervaardig. Hy het die Pasteur-Instituut in Parys gestig waar bekwame bakterioloë opgelei is. Na sy dood het sy profetemantel geval op die Duitse medikus Robert Koch (1843 - 1910). Hy is die ontdekker van die mikrobes wat miltvuur (Anthrax) by beeste en tuberkulose en cholera by mense veroorsaak. Die koorstermometer en die mikroskoop het die belangrikste instrumente van die nuwe skool van medici geword. Die geskiedskrywers van die runderpes gee gewoonlik die meeste aandag aan die korifeë onder die artse wat die siekte bestry het; hulle was Robert Koch en Arnold Theiler, die eerste op die hoogtepunt, die tweede aan die begin van sy roemryke

loopbaan, maar hulle vergeet te dikwels die ander diereartse in hierdie kritieke jare. Ook hulle het maandelank geswoeg, baie ure per etmaal, ver van gerieflike woonplekke in hitte en kou in wilde streke vol siektes soos malaria, ngana en buikloop en vol gevaarlike tiere en mense, besig om siek beeste dood te maak of in primitiewe laboratoria te eksperimenteer met die kweek en oordrag van mikrobies van siek op gesonde beeste en met die vind van 'n deugdelike entstof teen die runderpes. Hulle het hiervoor min dank ontvang, want die meeste leke het die doodmaak van beeste en die laboratoriumwerk van veeartse as gemors van geld beskou en Staatsveeartse nutteloos en nodeloos gevind. Gelukkig was daar altyd 'n klein, dog invloedryke groep leke wat die moeisame en tydsame werk om siektes te diagnostiseer en 'n entstof daarteen te vind, gewaardeer en die diereartse ondersteun het.

Ek noem van die artse hier E.C. Gray, gegradueer in Edinburgh, wat in Suider-Afrika geen werk as dierearts kon vind nie en telegrafis in Rhodesië geword het, totdat die runderpes oor die land gekom het en die Chartered Company hom van telegrafis Staatsveearts gemaak het; Alexander Edinton, die eerste bakterioloog in Suider-Afrika, wat sy gerieflike laboratorium in Grahamstad moes verlaat om met beeste en batrieë te eksperimenteer in die ver verlate vlaktes van Noord-Kaapland by Taung; Duncan Hutcheon, Staatsveearts van die Kaapkolonie, wat met Soga as assistent in Noord-Kaapland⁷⁾ siek beeste moes opspoor en diere doodmaak, terwyl hul lewe deur vertoornde beeste-eienaars bedreig is; Herbert Watkins-Pitchford, pas afgestudeer in Engeland in Julie 1896 sonder ervaring aangestel as Principal Veterinary Surgeon van Natal; en as laaste, maar nie die minste nie, Arnold Theiler (1867-1936), as dierearts afgestudeer in Switzerland, in 1891 geïmmigreer in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), genoodsaak om vee-opsiener te Irene te word, waar die ramp van die verlies van sy linkerhand hom tref, in 1893 aangestel as veearts by die Randse Gesondheidsraad, waar sy eerste taak bestryding van droes of perdesiekte (glanders) as matig geagte "horse doctor" was.

Toe die runderpes steeds meer slagoffers maak, het die regerings in Suider-Afrika ook hulp by diereartse en bakterioloë in die buiteland gesoek.

Natal het die onervare, maar talentvolle Pitchford in diens geneem. Die Kaaplandse regering het die beroemde Robert Koch gevra. Hy het met twee assistente op 1 Desember 1896 aangekom en terstond na Kimberley vertrek, waar De Beers diamant maatskappy laboratoriumruimte aan hom beskikbaar gestel het. Hy het daar geëksperimenteer en binne enkele weke 'n entstof, gevind, gal van besmette beeste wat hy in gesonde diere ingespuit het. Hy is as triomfator gehuldig. Reeds in Maart 1897 het die Duitse keiser Wilhelm hom na Brits-Indië gestuur om daar die "bubonic plague", die pes by mense, te help bestry. Die keiser wou naamlik die slegte indruk wat sy gelukwensing aan President Kruger met die mislukking van die Jameson-inval op die Britte gemaak het, uitwis. Spoedig het geblyk dat Koch se entstof slegs tydelik en by 'n deel van die beeste immuniteit teweeg gebring het en sy roem het verbleik. Hy was daaroor teleurgestel. Sy werksaamhede het hom belet om Suid-Afrika weer te besoek. Tog was daar veeartse en leke wat voortgegaan het om sy serum te berei en te gebruik, onder andere Edington.

Intussen het Theiler in November 1894 teruggekeer na Pretoria en daar 'n klein plaas in Les Marais, gekoop. Sy ega met wie hy in 1893 getroud is, het daar met varke en hoenders geboer en hy het gewerk as private veearts en geëksperimenteer in 'n primitiewe laboratorium op sy plaas. By die uitbreek van runderpes in Translimpopo, spoedig Rhodesië genoem, het die ZAR-regering wakker geskrik en Theiler as private veearts na Bulawayo gestuur. Hy het na 'n avontuurlike reis teruggekeer en gerapporteer dat die epidemie in Rhodesië inderdaad die gevreesde runderpes was. Spoedig daarna, op 13 Mei 1896, is hy benoem as Staatsveearts van die ZAR. Hy het in die eensame streek van Marico in Wes-Transvaal met beeste geëksperimenteer om 'n serum te vervaardig. Watkins-Pitchford is deur die Natalse regering na die ZAR gestuur en hy het Theiler in Marico bygestaan. Hulle het resultate gekry met inspuiting van bloed van besmette beeste en van beeste wat van die runderpes herstel het, beter resultate as wat Koch in dieselfde maande bereik het, maar Koch het eerder publisiteit en daarmee die primeur gekry.

Die ZAR-regering het Theiler teruggeroep na Pretoria om saam te werk met twee lede van die Pasteur Instituut in Parys, Jean Danysz en Jules

Bordet. Die twee Franse is deur die ZAR-regering genooi. Pitchford het nog 'n tydjie in Marico voortgewerk en na Natal teruggegaan. Theiler, Danysz en Jules Bordet het tesaam gewerk op die plaas Waterval by Pretoria om die serum te verbeter. Onder die veeartse het toe die Duitse rigting ontstaan wat die galentstof van Koch die beste geoordeel het, en die Franse rigting van die Pasteurwerkers op Waterval wat die bloedinenting as die beste entstof beskou het.⁸⁾

In 1897 het die ZAR-regering die twee Franse met dankbetuiging ontslaan en het die runderpes geleidelik afgeneem, omdat dit blykbaar uitgewoed was. Daar is uiteenlopende syfers oor die sterfte. In publikasies word aangegee dat 4,5 miljoen beeste in Suid-Afrika gevrek het dit was sowat 90% (miskien te hoog?), dat in Transvaal $\frac{2}{3}$ van die beeste omgekom het, in Natal minder, in die Kaapkolonie 580 000 van die 1,64 miljoen beeste, dit is 35%, maar in Transkei wel 90% (Van Onselen, t.a.p. p. 484). Die swartes het waarskynlik veel meer beeste as die blankes verloor, omdat (a) beeste van verskillende swart eienaars gemeenskaplik gewei en mekaar besmet het, (b) sommige swartes inenting gewantrou en vermy het en (c) ingeval van skaarste van entstof beeste van blankes voorkeur bo beeste van swartes gekry het.

Theiler het Staatsveearts gebly, ondanks opposisie in en buite die Volksraad, hy is verdedig deur leiers soos President Kruger en Louis Botha en het voortgegaan met sy werk in 'n eenvoudige laboratorium op Daspoot. Die runderpes het afgeneem en hy het sy aandag weer gerig op 'n serum teen die perdesiekte wat gebly het. Na die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog op 11 Oktober 1899 is hy opgeroep om militêre diens aan die Natalse front te verrig, in die eerste plek om die perdesiekte te bestry. Na die besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 deur die Britse militêre het hy hom tot hul beskikking gestel en hulle het sy dienste gretig aanvaar en gewaardeer. Weens die invoer van duisende perde en muile wat nie geakklimatiseer was nie en die ongekontroleerde beweging van beeste in die land wat deur oorlog en verwoesting ontredderd was, het orals dieresiektes opgevlam. In 1901 het dan ook die runderpes herverskyn in Oos-Transvaal en Theiler is ylings te hulp geroep. Weens tydelike tekort aan serum uit bloed vervaardig het hy toe weer Koch se

serum uit beesgal berei. Na die oorlog het 'n magdom van veesiektes Suider-Afrika nog talle jare gekwel, maar die runderpes het in 1904 of daaromtrent verdwyn en tot dusver weggebly.⁹⁾

In Oos -Afrika het die siekte voortbestaan en hom gelukkig nie weer na Suider-Afrika uitgebrei nie. Intussen het die navorsing en eksperimente om die gebruikte serums te verbeter voortgegaan. Ook Britte het daaraan bygedra. Eers in die jare 60 is serum met die hoogste graad van doeltreffendheid saamgestel.

- (7) **Konferensies-** Diereartse en owerheidspersone uit deelstate van Suider-Afrika het enkele male bymekaar gekom om die bestryding van die runderpes te bespreek. Die eerste konferensie was te Mafeking in April 1896, die tweede was te Vryburg in Augustus-September 1896, die derde was te Pretoria in Julie-Augustus 1897 kort na die publikasie van die vonds van 'n serum deur Theiler, Danysz en Bordet. Op die eerste twee konferensies was daar eenstemmigheid oor die afwysing van boererate en oor aanbeveling van inenting met 'n serum ter immunisering. Op die derde konferensie was daar groot meningsverskil tussen die aanhangers van Koch se serum uit beesgal en die aanhangers van die serum uit bloed van Theiler, Danysz en Bordet, met ander woorde tussen die Duitse rigting en die Franse.¹⁰⁾
- (8) **Invoer van trekdierse** - Die regerings in Suider-Afrika het groot bedrae bestee aan die invoer van trekdierse of het private invoerders daarvan ondersteun. Weens die perdesiekte is geen perde ingevoer nie, maar wel muile uit Noord- en Suid-Amerika, wat ietwat minder aan perdesiekte (droes) onderhewig was, en veral donkies, wat nie aan perdesiekte ly nie. Maar donkies is veel swakker as osse en muile en hulle is dikwels te swaar belas en het dan die siekte vrotpoot gekry. Die ingevoerde trekdierse was duur en kon die trekos slegs onvolledig vervang. Bowendien het ingevoerde diere weer siektes saamgebring.
- (9) **Meganisering van vervoer** - Stoomkrag was algemeen bekend en is buite Afrika op groot skaal toegepas. Die binnebrandmotor was baie nuut en het nog geen bydrae gelewer nie. In 1996 word herdenk dat in Suider-Afrika die eerste outomobiel ingevoer is. Dit was 'n Benz uit Duitsland

en dit het sy eerste demonstrasie in Pretoria gehou. Samuel Marks as private ondernemer het enkele stoomtrekkers ingevoer om landbouwerktuie te trek.¹⁰ Eers na die Anglo-Boere-oorlog is daar meer daarvan ingevoer. Hulle is spoedig oorvleuel deur die trekker met binnebrandmotor. Ook na die runderpes het die trekos nog talle jare die meeste trekkrag gelever.

Die runderpes het die aanleg van spoorweë bevorder. Na 1896 is die spoorwegnet in Suider-Afrika vinniger as voorheen uitgebrei. In Transvaal is in 1897 en volgende jare die aanleg van die Suidwesterlyn van Krugersdorp na Klerksdorp, die Selatilyn en die Noorderlyn van Pretoria na Pietersburg aangepak.

Gunstige gevolge van die runderpes

Die runderpes was 'n nasionale ramp met vérstrekkende ekonomiese en sosiale gevolge, maar het ook enkele gunstige uitwerkings gehad. Hulle is:

- (A) Vooruitgang van die diergeneeskunde - Op voorgaande bladsye is verwys na die bedrywighede van Robert Koch, Arnold Theiler en ander diereartse en bakterioloë wat siektes gediagnoseer en serums daarteen vervaardig het. 'n Nuwe tydperk van vooruitgang in die diergeneeskunde het aangebreek. 'n Hoogtepunt in die ontwikkeling in Suider-Afrika was die stigting van die serumlaboratorium en fakulteit vir diergeneeskunde op Onderstepoort by Pretoria. Theiler en sy na die oorlog vergrote aantal medewerkers het van 1897 tot 1908 gewerk in die laboratorium te Daspoort, maar die terrein was te klein en ongesond. Siektes en insekte het mens en dier daar gepla, soos vlieë, muskiete, ingewandskoors en malaria. Toe generaal Louis Botha, 'n boer en sedert jare Theiler goed gesind, 1907-10 eerste minister van Transvaal was, het hy die plaas Onderstepoort laat koop om aan Theiler 'n beter plek te verskaf. Die plek was gesonder en digby 'n spoorlyn vir die in- en uitlaai van beeste en benodighede. In 1908 is die tans wêreldbekende inrigting vir serumvervaardiging en veeartsenykunde op Onderstepoort gestig.
- (B) Verdwyning van die tsetsevlug - Dit was 'n onverwagte gevolg. Die pes het beeste en hoefwiel in Suider-Afrika hewig uitgedun en daardeur het die vlieg wat van hul bloed leef en die dodelike nganasiekte versprei,

grotendeels verdwyn. Uitgestrekte gebiede het vry van die plaag geword,¹²⁾ maar in die jongste dekades het weens ontreddeurdeur interne oorlog hier en daar die vlieg weer verskyn.

- (C) Meganisasie van vervoer - Die uitbreiding van spoorweë vir stoomvervoer en die outomobielvervoer is deur die runderpes kragtig bevorder, omdat hierdie meganiese transport die mense onafhanklik gemaak het van trekkdiere wat onderhewig aan ernstige en dodelike siektes was.
- (D) Samewerking binne Suider-Afrika - Volgens sommige historici het die epidemieë die mense in Suider-Afrika, veral op ander as staatkundige gebied, nader tot mekaar gebring en geleer om saam op te tree teen gemeenskaplike gevare deur die Natuur geskep. Aldus is die gees van toenadering en samewerking wat tydens die runderpesjare ontstaan het en deur die Anglo-Boere-oorlog nie vernietig is nie, versterk. Dit het bygedra tot die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Die samewerking van Theiler met vakgenote en owerhede in 1896-1910 is hiervan 'n duidelike bewys.

Verwysings

- 1) Aanhaling uit William Charles Scully, "Further reminiscences of a South African pioneer", T Fisher Unwin, London-Leipsic 1913, p.321
- 2) Meestal in Engels en Afrikaans "rinderpest"naar Duits Rinderpest genoem. dit is afgelei van Rind in Duits, rund in Nederlands, dit is bees. Engels runt is 'n ondermaatse dier, onder meer bees,
- 3) Thelma Gutsche, "Tiere was a Man, The life and times of Sir Arnold Theiler KCMG", H. Timmins, Kaapstad 1979, skryf op p.104 tereg: "Like the Irish Famine on which the general (British) public - and Queen Victoria - turned a blind eye, the ravages of Rinderpest were never fully assessed ecologically. As much as the Jameson Raid veiled the approaching pandemic, the Boer War obscured the changes it wrought."
- 4) "Encyclopaedie van Nederlandsch Indië" deel 4, tweede deel, uitgewers M. Nijhoff en E.J. Brill, 's-Gravenhage en Leiden, jaar? p.522; letterkundige bron: Hella Haasse, "Heren van de thee", 1992.
- 5) C. van Onselen, "Reactions to rinderpest in Southern Africa, 1896-97", in

"Journal of African history", volume 13 nr.3, p.475-488, spesiaal p.475.


- 6) Gutsche, "Tiere was a Man", t.a.p. p.99-100 .
- 7) Thelma Gutsche, artikel Soga, Jotello Fedini, Transkei 1865 - Oos-Londen 1906, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1977, p.765-767. Hy was 'n seun van Rev. Tito Soga en die Skotse dame Janet Burnside. Hy en sy drie ouer broers het op koste van die Verenigde Presbiteriaanse Kerk in Skotland onderrig ontvang. Hy het in 1886 sy graad as dierearts in Edinburgh ontvang en was die eerste gebore Suid-Afrikaner wat as dierearts gekwalifiseer het. Hy het assistent van Hutcheon, Staatsveearts van die Kaapkolonie, geword en is deur blankes en gekleurdes geprys om sy ywer, bekwaamheid en vriendelikheid. Hy was van 1889 tot 1899 baie aktief, onder meer by bestryding van runderpes. Toe het sy gesondheid versleg en hy het uitgetree. Daarna het hy in beperkte omvang privaat gepraktiseer. Hy was in 1905 medestigterslid van die Veeartsenykundige Mediese Vereniging van die Kaap die Goeie Hoop en het in 1906, slegs 41 jaar oud, gesterf aan 'n oordosis laudanum, dit is 'n pynstillende, slaapwekkende medisyne.

W.C. Scully berig in sy boek "Further reminiscences of a South African pioneer", t.a.p., p.323, dat hy Soga geassisteer het by runderpestbestryding in die oostelike Kaapkolonie: "Soga was of incalculable use to me in the early stages of the trouble. He worked in a most self-sacrificing manner, teaching me and a small but devoted band of helpers all that was to be learnt about bile cultivation (Koch se wyse van inenting, C de J) and inoculation, But after a time his mind seemed to give way under the strain. He took to drink and began obstructing the work. When I took him to task he threatened to shoot himself; on one occasion I actually stopped him from putting this threat into execution - just in the nick of time. Subsequently he took to wandering about among the kraals, raking up old feuds and talking to the people about war. I put a stop to this and sent a telegram to the Secretary of Native Affairs, saying that he was grossly mismanaging things and that the district was being ruined. With the concurrence of the Chief Magistrate at Umtata I sent him over the border into the (Cape) Colony."

- 8) Uitvoerige verslag deur Thelma Gutsche, "There was a Man", t.a.p. hoofstuk

- "Crisis 1897", p.104-115.
- 9) C.F.B.H., artikel Theiler, Arnold, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, RGN, Pretoria 1972, p.733-737.
 - 10) T.Gutsche, "There was a Man", t.a.p., p.104
 - 11) T.Gutsche, "There was a Man", t.a.p., p.90, 94-95, 113-115.
 - 12) U.de V.Pienaar, "Die rol van die tsetsevlug, malaria en die runderpes-epidemie van 1896-97 in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Laeveld", in U. de V. Pienaar, "Neem uit die verlede", Nasionale Parkeraad, Pretoria 1990, hoofstuk 114, p. 2791 e.v.

The model in clay prepared by Steynberg in 1937 for the commemorative statue.



Die Pretoriase beeldhouer Coert Steynberg by sy model vir die standbeeld van Arnold Theiler in 1937. Die beeld is geplaas voor die hoofgebou van Onderstepoort. Steynberg volg die tradisie om geleerdes sittende weer te gee.

Uit: Thelma Gutsche, "There was a Man", H. Timmins, Kaapstad 1979.

GEDIG VIR DIE SLAGOFFERS VAN DIE RUNDERPEST

William Charles Scully , welbekend met die veearts Soga, het in sy boek "Further reminiscences of a South African pioneer" (T. Fisher Unwin, London-Leipsic 1913, p.310-312) herinneringe aan die runderpest en 'n gedig oor die epidemie gepubliseer.

THE PRAYER OF THE CATTLE SMITTEN WITH RINDERPEST.

O Lord of Heaven, throned on high,
 Above the clouds, above the sun,
 Look downward with all-seeing eye-
 Glance hither, our dismay upon.
 Shed from Thy seat of boundless power
 Regard on this, our passion-hour.

For, think: but yesterday the wold
 Was starred with happy, mild-eyed kine;¹⁾
 Fair oxen through bright pastures strolled
 (Dread Lord, Thou saidest we were Thine);
 The strong bulls genclered in their heat,
 Commanded from Thy Mercy Seat.

But, Lorcl of pity, Lorcl most just,
 Thy biting wrath to-day hath smitten
 Our helpless host; prone²⁾ in the dust
 We lie. Lord God, Thy word stands written -
 That Word of ruth Thy strong voice hurled,
 Which, like a mantle, wrapped the world.

- 1) archaic plural of cow
- 2) vooroorliggend

We pray not to Jehovah fierce,
 Whose altars reeked with guiltless blood;
 No pity could His hard heart pierce
 Who, ruthless, 'whelmed the world in flood,-
 To whose keen nostrils now arise
 The steams of this sad sacrifice.

But Thou, the Christ who, 'neath a load
 Of sin and sorrow bent Thy neck,
 Who bore on Calvary's steep road
 The Cross that stemm'd creation's wreck -
 Though men who wear Thy badge deny
 Thy Name, upon that Name we cry.

Of sparrows, Lord, Thou tak'st the tale;
 O, many sparrows' worth are we.
 Stem Thou the tide of this travail
 Which 'whelms us like a burning sea,
 Which makes our breath a fire to slay
 Our fellows, Lord, Thy strong wrath stay.

Men crucified Thee; men to-day
 Defile Thy all-embracing Church.
 We know not sin; our humble way
 Leads not e'en to Thy Temple's porch.
 We are as those Thy kind Hand raised,
 Thy poor, that hence Thy Name have praised.

Ours is the meekness that endures;
 Our patience, like a steadfast tree,
 Stands in the torrent-pain that pours
 And sweeps all else to some dark sea.
 The patient bovine race unblest
 Is earth's sad, dumb, pathetic guest.

Sue for us now, Lord Christ, mild Son
 Of yon dread Father throned apart.
 Sue for us now, O pitying One,
 Till Thy sweet pity rend His heart.
 Sue for us, Christ, compassionate,
 Melt with Thy tears the eyes of Fate.

The hour is late, our sun sinks low
 Behind a storm-red western cloud;
 Though Death be swift, his steps seem slow;
 Pain wraps us in a burning shroud,
 Plead for us, O compassionate -
 Plead for us, Christ - the hour is late.

Scully voeg by dat die gedig geïllustreer is deur G. Denholm Armour en op 'n opvallende plek in die tydskrif "Pall Mall Magazine" gedruk is; hy noem nie die nommer en datum van die tydskrif nie. Hy berig op p.322 dat die vierde strofe weggelaat is, ongetwyfeld omdat daarin 'n skerp aanval op Jahwe, God van Oud-Israel, staan weens die talle beeste wat geslag en op Sy altare geoffer is. Scully berig: "I should, perhaps, mention that the fourth verse of the forgoing (poem) did not appear (in the "Pall Mall Magazine"). Lord Frederick Hamilton, the editor of the magazine, gave it anxious consideration, but came to the conclusion that some of his readers might object to it."

LEWENSKETS VAN DR. AART JURRIAANSE, DEEL I

deur C. de Jong

Afkoms en jeug

Die vader van Aart Jurriaanse het die naam van Jurriaan Jurriaanse gedra. Jurriaan is een van die Nederlandse vorme van George, in Duits Jürgen. Hy is gebore te Rotterdam op 16 Mei 1842 en is daar oorlede op 24 April 1915. Die moeder van Aart Jurriaanse was Wilhelmina Philippina Vogel, gebore te Rotterdam op 10 April 1845 en oorlede te Kralingen op 10 September 1879. Hulle het ses kinders gekry, te wete:

Jan Hendrik, gebore op 22 November 1866

Johanna Frederika, gebore op 18 Januarie 1869

Jurriaan, gebore op 10 Augustus 1871

Aart, die hoofpersoon van die onderhawige lewenskets, gebore op 19 November 1873, oorlede te Pretoria op 22 Mei 1970

Adriaan Ernst, gebore op 21 Julie 1977, opgelei tot werktuigkundige ingenieur te Delft

Jurriaan Jurriaanse Senior is in Rotterdam hertroude met Anna Helena van der Sluys, gebore te Rotterdam op 23 Januarie 1858 en daar oorlede op 25 Maart 1897. Uit die tweede huwelik is gebore:

Simon Jurriaan, gebore op 21 Desember 1894

Anna Helena, gebore op 18 Februarie 1897, oorlede te Rotterdam op 3 Januarie 1915.¹⁾

Jurriaan Jurriaanse Senior was graanfaktoer en welgestelde koopman. Hy en sy gesin het behoort tot die nogal eksklusiewe kringe van kooplui en reders in die Nieuwe-Maasstad Rotterdam en was bevriend met vooraanstaande families soos Pleyte, De Monchy en Knottenbelt. Die gesin was jarelank gevestig op no. 127 aan die noordekant van die Wijnhaven, waar welgestelde stadsburgers gewoon het. Die gesin het in April 1878 verhuis na 'n tweeverdiepinghuis aan die Oudedijk in Kralingen. Dit was 'n dorp digby die oostekant van Rotterdam,

in 1895 ingelyf by die munisipaliteit Rotterdam. In die laaste kwart van die 19de eeu het welgestelde stadsburgers hulle graag in die landelike omgewing van Kralingen gevestig.

As godsdien van die gesinsvader is die Doopsgesinde vermeld, maar Aart Jurriaanse was nooit godsdienstig nie. Hy het net soos sommige van sy broers 'n deeglike skoolopleiding ontvang. Hy is in Julie 1884 op die jong leeftyd van 12 jaar toegelaat tot die eerste klas van die Erasmiaansch Gymnasium in sy geboortestad. Die gimnasium in Nederland het ses jaar lank in talle studievakke opgelei, onder meer in die tale Grieks, Latyn, Nederlands, Frans, Duits en Engels, aardrykskunde, geskiedenis - ook van die Oudheid - en eksakte vakke. Die gimnasium was destyds die enigste voorbereiding vir die universiteit en het hoë eise aan die leerlinge gestel. Aart Jurriaanse moes dan ook die derde van die ses klasse herhaal. Hy het in Julie 1892 die einddiploma verwerf.²⁾ Die Nederlandse gimnasium het breed ontwikkelde intellektueles en wetenskaplik goed voorbereide mense opgelewer.

Aart Jurriaanse is op 26 September 1892 ingeskryf as student in die mediese wetenskap in die Rijksuniversiteit te Leiden en het tydens sy studie in Leiden gewoon.³⁾ Van sy studietyd is my geen besonderhede bekend nie. Wel was hy as jongman deelnemer aan sport. Hy het goed geleer om perd te ry, wat hom in Suid-Afrika enkele jare later goed sou pas, en hy het 'n seilbootjie besit waarmee hy op die klein Kralingse plas geseil het. Tydens sy verblyf in Oos-Transvaal in die oorlog in 1900 het hy hom afgevra in watter toestand sy boot nou sou verkeer.

Hy is in 1897 of 1898 in Leiden as medikus afgestudeer en het sy studie voltooi in die Universiteit te Wenen.⁴⁾ In Wenen het hy waterterapie bestudeer. Hy het vermoedelik nog geen of slegs kort praktyk uitgeoefen, toe op 11 Oktober 1899 die oorlog tussen Groot-Brittanje en die Boererepubliek uitbreek. Hy was toe al arts maar nog nie MD nie. Hy is vermoedelik aangegryp deur die algemene geesdrif in Nederland vir die saak van die stamverwante Boere en deur sy avontuurlus wat hom in sy hele lewe bygebly het. Hy het hom nie by een van die Europese ambulanse wat na Suid-Afrika vertrek het, aangesluit nie, want daarvoor was sy aard te onafhanklik. Hy het self 'n ambulans georganiseer, op eie koste met erfgeld van sy moeder.

Die aantal ambulanse wat uit kontinentaal-Europa onder beskermheerskap van die nasionale Rooi-Kruis-organisasies na die Boererepublieke gestuur is, was